

Nuusbrief 30 Augustus Newsletter 30 August 2018

GANSBAAI



GHOLFklub – GOLF CLUB

DIE MEES SUIDELIKE GHOLFBAAN IN AFRIKA THE SOUTHERNMOST GOLF COURSE IN AFRICA

Beste gholfvriende *Die AJV is aan die begin van Augustus gehou en elke portefeuljehouer op die komitee het kortliks terugvoering gegee oor hul werksaamhede. Ons hoop dat die lede teenwoordig nou beter insae het in die daaglikse aktiwiteite van die klub. Sien bl 7. **Daar is heerlike gholfkompetisies (bl 2) in die vooruitsig vir September so bespreek vroegtydig. ***Lees ook op bl 2 hoe pryse vir kompetisies bepaal word. ****Daar word baie hard agter die skerms gewerk om alles gereed te kry vir 3 September wanneer die nuwe voorgeestelsel in werking tree. Sien bl 3 vir die nuwe aanmeld prosedure. Ons hoop om jou baie op ons mooie gholfbaan te sien in September.

Dear golf friends *The AGM took place at the beginning of August and each portfolio member on the committee gave a short feedback of their activities. We trust the members who attended now have better insight into the daily running of the club. **Some lovely competitions are in store for September so book early to avoid disappointment. *** Also on pg 2, are decisions taken around prizes at competitions. ****Behind the scenes hard work is being done to get the course ready for the new handicap system on 3 September. See pg 4 for registration procedures when you play golf from 3 September. We hope to see you often on our lovely golf course during September.

**'N BAIE GELUKKIGE LENTEDAG VIR JULE ALMAL!
A VERY HAPPY SPRING DAY TO YOU ALL!**

Nuwe lid Baie welkom aan Marietjie Visser, 'n nuwe gholflid by ons klub. Mag jy jou gholf sowel as die kameraadskap by ons klub terdeë geniet.

New member A hearty welcome to Marietjie Visser a new golf member at our club. Wishing you many hours of happy golf and companionship at our club.



SEPTEMBER KOMENDE KOMPETISIES / UPCOMING COMPETITIONS

1	SAT	4BBB STABLEFORD	
5	WOENS	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)	
7	VRV	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD	
8	SAT	4BBB STABLEFORD	LEDEDAG
12	WOENS	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)	
14	VRV	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD	OK FOODPLUS
15	SAT	HOUESPEL	
19	WOENS	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)	
21	VRV	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD	
22	SAT	SINGLE STABLEFORD	GREENKEEPERS REVENGE
26	WOENS	ENKEL STABLEFORD (SLOEGTERS)	
28	VRV	9 PUTJIE- ENKEL STABLEFORD	STEAK BRAAI
29	SAT	ENKEL STABLEFORD	GB BEESKRAAL OPE (ZONART)

KOMPETISIES - HOEVEELHEID SPELERS EN PRYSE

Die komitee het besluit op die volgende hoeveelheid spelers om kompetisie pryse te regverdig:

Vir **Enkel Stableford** 'n minimum van 6 spelers.

Vir **Beterbal** 'n minimum van 8 spelers. (Vir minder as agt spelers mag 'n Beterbal na Enkel Stableford verander).

Vrydae se OK Foods 9-putjie kompetisie: tot en met tien spelers, een prys.

Vrydae se OK Foods Plus Sundowner: tot en met 10 spelers, een prys. Meer as tien spelers, twee pryse.

COMPETITIONS - NUMBER OF PLAYERS AND PRIZES

The committee decided on the following number of players to justify competition prizes:

For **Single Stableford** a minimum of 6 players.

For **Betterball** a minimum of 8 players. (For less than eight players a Betterball may change to Single Stableford).

Fridays OK Foods 9-hole competition: up to ten players, one prize.

Fridays OK Foods Plus Sundowner: up to ten players, one prize. Over ten players, two prizes.

KKOMPETISIE UITSLAE / COMPETITION RESULTS

**SAT 4 AUG. GEKOMBINEERDE /
COMBINED STABLEFORD.**

**Wenners / winners Clive Bailey & Hennie
Gerber met /with 75 punte/points.**




**SAT 11 AUG. 4BBB KOMPETISIE/ COM-
PETITION.**

**Wenners/ winners Richard Bentz &
George Hunt met/with 47 punte/points.**



SAT 18 AUG. ENKEL/SINGLE STABLEFORD.

**Wenner/winner Jakkie Beukes met /with 38 punte/
points.**



SAT 25 AUG. MEDAL / HOUESPEL.

Wenner / Winner Bev Swart met/with 69 net.



NUWE VOORGEESTELSEL

Soos almal sekerlik bewus is, tree die nuwe voorgeestelsel op 3 September in werking. Dit is oor 4 dae, maar wees gerus want ons voorbereiding is afgehandel en alle wysigings, ingesluit nuwe telkaarte, is volgens die nuwe vereistes aangebring.

Wat jy as Speler vanaf 3 September moet doen:

Voor aanvang van spel, **meld aan** by kroeg (nie nodig om Spelersregister te teken) en **neem telkaart**.

Registreer jou rondte op die terminal en **selekteer rooi of geel merkers** volgens jou persoonlike voorkeur. (Die stelsel sal jou "Course Handicap" (**CH**) voorsien wat slegs vir Gansbaai Golfbaan op daardie dag geld. Die CH word deur die stelsel bereken volgens jou "Handicap Index" (**HI**) wat deurentyd op die stelsel behoue bly en by alle bane wat jy besoek, gebruik sal word om jou CH vir die dag op daardie baan te bepaal).

Vul nou jou telkaart in soos voorheen (naam, HI, CH, kompetise, datum) maar let spesifiek daarop dat jy die korrekte **HI en CH** invul soos deur die stelsel voorsien. (Foutiewe HI en/of CH kan lei tot diskwalifikasie).

Neem die telkaart nou na die kroegman – hy sal die telkaart met datum, regoor jou naam, in rooi of geel stempel volgens jou keuse van merkers vir die rondte.

Jy is nou gereed om te speel. (Hou telling soos voorheen en voltooi jou kaart ná spel soos voorheen).

Laai jou telling op die stelsel na afloop van die spel sodat jou HI opdateer kan word.

In geval die stelsel buite werking is, is daar tabelle in die klub aangebring wat jy kan gebruik om jou CH vir die rondte te bepaal. Die enigste vereiste is dat jy wel moet weet wat jou HI is – daar is egter 'n toepassing ("app") vir slimfone beskikbaar waarmee jy jou HI kan bekom.

Wat jy as Speler vanaf 3 September nié moet doen nie:

Moet nie die baan betree sonder 'n telkaart of met 'n telkaart sonder die korrekte datumstempel. (Die gestempelde telkaart dien as kwitansie dat jy wél aangemeld het en jou rondte registreer het en moet op versoek voorgelê kan word).

Moet nie merkers selekteer wat vir spesifieke kompetisies ongeldig is nie bv. Klubkampioenskappe wanneer die kleur merkers vooraf deur Bestuur neergelê word.

Vir verdere navrae oor die nuwe voorgeestelsel kan jy met die Voorgeestelsel Projekspan in verbinding tree (Daan Victor, Johan Coetzee, Lambert Smith, Johan Schneider).

NEW HANDICAP SYSTEM

As everyone surely is aware, the new system will go live on 3 September. That is in days but rest assured because our preparation is complete all changes, including new scorecards, have been done according to the new requirements.

What you as Player should do from 3 September:

Before start of game, **sign in** at the bar (no need to sign Players Register) and **take scorecard**.

Register your round on the terminal and **select red or yellow tees** according to your personal preference. (The system will provide your Course Handicap (**CH**) which is only valid for Gansbaai Golf Course on that day. The CH is calculated by the system according to your Handicap Index (**HI**) which is always retained on the system and will be used when visiting other clubs to determine your CH for the day at that course).

Now fill in your scorecard as before (name, HI, CH, competition, date) but take note specifically that you have filled the correct **HI and CH** as provided by the system. (Faulty HI and/or CH may result in disqualification).

Now take the scorecard to the bar man – he will stamp the scorecard with date, across your name, in red or yellow according to your choice of tees for the round.

You are now ready to play. (Keep score as before and complete your scorecard after the game as before).

Load your gross score on the system after the game so that your HI can be updated.

In case the system is out of operation, there are conversion tables placed in the Club that you can use to determine your CH for the round. The only requirement is that you must know your HI – however, there is an application ("app") for smartphones available with which you can acquire your HI.

What you as a player should not do from 3 September:

1. Do not enter the course without a scorecard or with a scorecard without the correct date stamp. (The stamped scorecard serves as receipt that you have reported and registered your round and must be presented on request).
2. Do not select tees which are invalid for specific competitions e.g. Club Championships when the colour tees are laid down in advance by Management.

For further enquiries about the new system you can contact the New Handicap System Project Team (Daan Victor, Johan Coetzee, Lambert Smith, Johan Schneider).

SOCIAL / SOSIAAL



September verjaarsdae

**Mag al jou wense waar
word en jou jaar baie
voorspoedig wees.**

September birthdays

**May all your dreams
come true and your
year be very
prosperous.**

Leon Hattingh	01
Hennie Gerber	06
Bertie Loubser	07
Wolfgang Dornseifer	08
Pieter Loubser	09
Johan Pfister	12
Paul Roux De Villiers	12
Willem Germishuys	15
Dr Uwe Hermann	17
Piet du Toit	19
Michael Maus	25
Rudi de Grange	25
Dawie Viljoen	26
Hugo Lambrechts	26
Awie van der Merwe	28
Fridel Walters	29



ALGEMENE JAARVERGADERING / ANNUAL GENERAL MEETING

Die Algemene Jaarvergadering het op 2 Augustus plaasgevind. Van die komiteelede wat terugvoering gegee oor hul afsonderlike portefeuljes was:

Daan Victor: Kaptein. Jaarverslag.

Gina Esterhuizen Vise-Kaptein: Bemaking en Media

Wally van Coller: Tesourier (asook Voorraad en Assuransie). Finansiële verslag.

Lambert Smith: Baan .

Johan Schneider: Konstitusie, Prosedure & Personeelaangeleenthede.

George Hunt: Kompetisies en Sosiaal.

Baie geluk ook aan ons twee nuwe erelede June Rahn en Johan Coetzee.

The Annual General Meeting took place on 2 August. The committee members who gave feedback on their individual portfolios were:

Daan Victor: Captain. Annual report.

Gina Esterhuizen Vice Captain. Marketing and Media.

Wally van Coller. Treasurer (also Stock, Inventory and Insurance). Financial report.

Lambert Smith. Course.

Johan Schneider. Constitution, Procedures and Personnel.


George Hunt: Competitions and Social

Hearty congratulations to June Rahn and Johan Coetzee , our two new honorary members.

FLORA ON GOLF COURSE / FLORA OP GHOLFBAAN

Enige idee watter plant hierdie is? Dit is so 'n 3 weke gelede langs die 17de skoonveld aan die linkerkant opgemerk. Dit het reuse blare, die reuse plant se deursnee was omtrent 1.5 meter. Ons vierbal kon nie herroep dat ons al ooit so iets op ons baan gesien het nie.

Any idea what plant this is? We noticed it about 3 weeks ago on the left hand side of the 17th fairway. It had huge leaves and the diameter of the plant measured about 1.5 meter. Our four ball could not recall that we had ever seen anything like this on our course.



This newsletter is compiled by Gina Esterhuizen. You are welcome to contact me at gina.estерhuizen2@gmail.com

Golf email: gbgholf@gmail.com

Web address: <https://xplorio.com/gansbaai/gansbaai-golf-club/>

Facebook: Gansbaai Gholfklub/Golf Club

Tel 0823841441

